KWAZULU-NATAL

LANDBOU-UNIE GRONDWET

AANVAAR BY DIE KONGRES VAN DIE KWAZULU-NATAL LANDBOU-UNIE WAT GEHOU IS OP 20 SEPTEMBER 2018.

.....
PRESIDENT

.....
HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

MISSIE

Kwanalu se strategiese fokus is om leiding ten opsigte van alle sleutelkwessies in die landbou te verskaf aan kommersiële boere (met boerderyondernemings van alle groottes) en verwante landbouorganisasies in KZN. Dit sal moontlik gemaak word deur die ontwikkeling van topvlakvaardighede in drukuitoefening, fasilitering en advisering. Kwanalu sal alle relevante inligting insamel, verreken en vertolk en sy vermoë verder ontwikkel om te verseker dat die organisasie oor uitstekende kommunikasie met alle lede beskik.

GRONDWET VAN DIE KWAZULU-NATAL LANDBOU-UNIE

1. NAAM

Die naam van die Unie sal wees die KwaZulu-Natal Landbou-Unie, hierin hierná verwys na as "die Unie". In kort sal die Unie as "Kwanalu" bekend staan.

2. WETLIKE STATUS

2.1 Die Unie is en sal voortgaan om te wees, 'n eiesoortige en afsonderlike wetlike entiteit en beheerliggaam, met die mag om eiendom van watter beskrywing ook al te bekom, te hou en te vervreem en met die vermoë om regte te bekom en verbintenisse te sluit en lewenslange opeenvolging te hê.

2.2 Alle aksies en regsgedinge, wetsverrigtinge of enige arbitrasie sal deur of teen die Unie gebring word in die naam van die Unie en die Raad kan aan enige persoon of persone magtiging verleen om namens die Unie te handel en om al sodanige dokumente te teken en om al sodanige nodige stappe te neem aangaande sodanige verrigtinge.

2.3 Desnieteenstaande enige iets tot die teendeel hierin vervat:

2.3.1 is die Unie nie tot stand gebring en die bestaan daarvan het nie die bedryf van enige besigheid ten doel met die voorneme om die Unie of die individulele lede daarvan te bevoordeel nie;

2.3.2 sal die inkomste en bates van die Unie alleenlik aangewend word vir beleggingsdoeleindes en vir die bevordering van die dinge waarvoor dit in die lewe geroep is;

2.3.3 sal geen gedeelte van die Unie se inkomste direk of indirek deur middel van dividende, donasies of andersins aan enige persoon betaal word nie;

2.3.4 sal die Unie nie geregtig wees om enige handels- of ander winsmakende aktiwiteite te bedryf of deel te wees van enige besigheid, professie of beroep wat deur enige van sy lede bedryf word of aan enige van sy lede finansiële hulp verleen of enige perseel of deurlopende dienste of fasiliteite vir die doel van die bedryf van enige besigheid, professie of beroep nie.

3. GEBIED

Die gebied van die Unie sal die provinsie van KwaZulu-Natal wees met insluiting van die gebiede wat by wyse van onderlinge ooreenkoms by die Unie geaffilieer mag word.

4. KANTORE

4.1 Die hoofkantoor van die Unie sal gesetel wees in die provinsie van KwaZulu-Natal.

4.2 Die Unie sal sodanige ander kantoor of kantore oprig soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

5. TAAL

In die uitvoering van die besigheid van die Unie, sal Engels, Afrikaans en Zulu gelyke status geniet.

6. AFFILIASIE

Die Unie kan geaffilieer word by sodanige verteenwoordigende liggame soos van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure (Raad) bepaal mag word.

7. OOGMERKE EN DOELSTELLINGS

Die oogmerke en doelstellings van die Unie sal wees om:-

7.1 binne sy gebied alle verteenwoordigende organisasies en belangebondgenote in een omvattende Unie te organiseer;

7.2 'n eenheidsdoel onder sy lede te bevorder;

7.3 die belange van sy lede te bevorder en te beskerm;

7.4 billike en regverdige wetgewing daar te stel wat alle boerderybelange insluit;

7.5 aan te sluit, te affilieer of om enige werksooreenkoms of -reëling aan te gaan met enige liggaam met dieselfde algehele of gedeeltelike oogmerke en doelwitte as die Unie;

7.6 deelname aan en ondersteuning van die koöperatiewe konsep en bedryf onder die landboukundige en boerderygemeenskap te bevorder en te beskerm;

7.7 waar nodig, die gekoördineerde standpunte van die bedryf aan die regering of ander owerhede oor te dra en om met hulle te onderhandel oor alle sake waar dit die welstand van die landboubedryf aangaan, met die doel om bestaande probleme uit die weg te ruim en die nodige wetgewing ingestel te kry;

7.8 aanbevelings of voorstelle te maak oor enige saak wat van belang vir sy lede geag mag word;

7.9 sy lede in te lig aangaande sake aangaande hulle bepaalde en algemene belange;

7.10 strategieë ter ondersteuning van die missie van die Unie te ontwikkel wat van tyd tot tyd hersien moet word;

7.11 strukture te skep om die institusionele agterstand van die voorheen benadeelde boerelede aan te spreek om hulle sodoende in staat te stel om op 'n gelykwaardige en betekenisvolle wyse in die verteenwoordigende en beleidsvormende strukture te dien;

7.12 die volledige integrasie van alle verteenwoordigende boerderystrukture moontlik te maak;

7.13 die landbou en die boerdery te bevorder as 'n belangrike voertuig tot landelike ontwikkeling en maatskaplike hervorming.

8. MAGTE

Die Unie, synde 'n korporatiewe liggaam met lewenslange opeenvolging, sal in sy eie naam mag hê om-

8.1 deur aankoop, huur, ruil, begunstiging of andersins, grond, geboue en / of enige belang hierin, en enige ander eiendom, hetsy roerend of onroerend, of enige belang daarin te bekom;

8.2 die hele of enige gedeelte van die eiendom, roerend of onroerend, te bestuur, beheer, verkoop, verbeter, ontwikkel, ruil, verhuur, verpand, wegdoen met, in rekening omskep, onderverdeel of andersins, roerend of onroerend en regte, voorregte en bates van die Unie, met dien verstande dat geen bates, fondse, of inkomste van die Unie op enige tyd onder sy lede verdeel mag word nie, behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes vir ontbinding wat hierná hierin vervat word;

8.3 geld te leen of vir die Unie in te samel met waar van toepassing al of enige van sy eiendom en bates as sekuriteit om 'n verband of verbande oor enige bate of bates wat aan die Unie behoort, te verkry;

8.4 beleggings te maak van enige geld van die Unie of van enige van sy filiale of van hulle lede soos wat van tyd tot tyd onder beheer van die Unie geplaas word vir belegging of vir watter doel ook al en om sodanige beleggings te gelde te maak, te wissel, te herbelê of andersins met sodanige beleggings te handel soos van tyd tot tyd deur die Raad van die Unie bepaal mag word;

8.5 bankrekenings en spaarrekenings te open om te onttrek, maak, aanvaar, oordra, verdiskonteer, uitvoer, skuldbewyse uit te reik en te onderhandel, wisselbriewe, tjeks en ander onderhandelbare of oordraagbare instrumente vir die Unie te hanteer;

8.6 enige betaalde amptenare van die Unie in diens te neem, dienste op te skort, te ontslaan of weer aan te stel en hulle pligte uit te lê;

8.7 voorsiening maak vir sodanige toelaes vir die president en visepresidente en enige ander lede van die Raad as wat billik geag mag word om hulle in staat te stel om hulle pligte teenoor die Unie uit te voer;

8.8 uit die Unie se bates, vrywaring te verleen aan die president, die visepresidente, die Raad, enige ander komitee en enige lid van die Raad of ander komitee, die ouditeur, die hoof uitvoerende beampte en enige ander werknemers van die Unie teen alle aksies, koste, verliese en skade wat hulle of enige van hulle mag ly of onderhou as gevolg van enige handeling wat gedoen of nagelaat is om te doen in die uitvoering van hulle pligte nie, behalwe dit wat hulle sal ly of onderhou as gevolg van hulle eie opsetlike nalatigheid of opsetlike verstek en geeneen van hulle sal aanspreeklik gehou word vir die versuim van enige van die ander nie;

8.9 geskenke en / of bydraes van enige soort te ontvang en te aanvaar;

8.10 enige persoon of persone te nomineer om die Unie op enige komitee, kommissie of Raad of ander wetlike entiteit te verteenwoordig;

8.11 enige persoon aan te stel om as prokureur, gevolmagtigde of agent vir die Unie op te tree;

8.12 op te tree as sekretarisse, bestuurders of agente vir enige iemand met dieselfde oogmerke en doelstellings as die Unie (hetsy hulle by die Unie se Raad geaffilieer is of nie) en om watter dienste ook al te verskaf of daarvoor voorsiening te maak vir sy lede of enige sodanige liggaam;

8.13 regsverrigtinge in te stel en te verdedig op sodanige voorwaardes soos die Raad goed vind en enige dispuut vir arbitrasie voor te lê en om sodanige regspraktisyns aan te stel en te vergoed soos vereis;

8.14 al sodanige ooreenkomste, kontrakte, volmagte, borgskappe, titelaktes en ander instrumente wat nodig mag wees of tot voordeel van die Unie mag wees, aan te gaan, toe te staan en te onderteken, te maak of uit te voer;

8.15 al sodanige handelinge en wat ook al afhanklik of bevorderlik is vir die bereiking van bogenoemde magte of enige daarvan.

9. LIDMAATSKAP

9.1 Die Unie sal bestaan uit:

9.1.1 boereverenigings, landbougenootskappe en grondeienaarsverenigings met 'n minimum van tien lede (enige lede wat hulle ledegeld aan die Unie deur van die ander geaffilieerde organisasies betaal, word nie in ag geneem nie), wat op aansoek by die Unie geaffilieer is, altyd met dien verstande dat:

9.1.1.1 die Raad in sy absolute diskresie, maar onderhewig aan jaarlikse hersiening, enige vereniging aanvaar waar deur buitengewone omstandighede, die gemelde minimum nie gehandhaaf kan word nie;

9.1.1.2 lede van sodanige verenigings word by die Unie geaffilieer;

9.1.1.3 bovermelde verenigings sal op distriksvlak binne 'n distriksmunisipaliteit verteenwoordig word in ooreenstemming met die afbakening van grense soos uiteengesit deur die COGTA

Enige liggame wat vir affiliasie deur die Unie aanvaar word onder hierdie paragraaf word hierin hierná na verwys as "plaaslike verenigings wie se lede by die Unie geaffilieer sal word".

9.1.2 enige ander persoon, landbouorganisasie, besigheid of instelling wat met dié van die Unie ooreenstem.

9.1.3 'n vriend van Kwanalu (nie-stemmende nie-boerelid).

9.2 Alle versoeke tot affiliasie sal deur die hoof uitvoerende beampte aan die Raad van die Unie gerig word, wat sodanige versoeke mag aanvaar of verwerp sonder om enige redes te verskaf en die besluit daaroor sal finaal wees.

9.3 Die Raad in sy absolute diskresie sal bepaal of 'n vereniging of genootskap wat aansoek om affiliasie doen, boerderybelange verteenwoordig.

9.4 Die Raad, by wyse van 'n resolusie waartoe twee-derdes van die lede teenwoordig moet toestem, mag die affiliasie opskort of kanselleer van enige lid of maatskappy wat:

9.4.1 nalaat om skulde te vereffen ingevolge artikels 19.1 of 19.4; of

9.4.2 ophou om te voldoen aan die voorwaardes ingevolge waarvan dit geaffilieer is; of

9.4.3 in gebreke bly om hulle te onderwerp aan die Unie se Grondwet en reëls.

9.5 Enige iemand wie se affiliasie by die Unie gestaak word, hetsy vrywilliglik of deur 'n besluit van die Raad, sal geen reg of titel of belang by die fondse en / of eiendom van die Unie hê nie, maar sal ingevolge artikel 19.6 aanspreeklik wees vir ledegeld of affiliasiegeld.

9.6 'n Liggaam wat by die Unie of sodanige liggaam se individuele lede geaffilieer is, sal deur sodanige affiliasie nie aanspreeklik aan die Unie gehou kan word nie, anders as vir die ledegeld wat ingevolge die reëls betaalbaar sal wees nie en sodanige liggaam of sy individuele lede sal nie aanspreeklikheid van enige soort kan aanvaar vir skuld en verbintenisse wat deur die Unie aangegaan word nie.

9.7 Die fondse en bates van enige geaffilieerde liggaam of van die lede daarvan sal glad nie deel vorm van die fondse en bates van die Unie nie en sal ook op geen manier onder beheer van die Unie staan nie, behalwe in soverre sodanige fondse van tyd tot tyd onder die Unie se beheer geplaas word en slegs in soverre sodanige fondse so geplaas is, met dien verstande altyd dat in geval van likwidasie van die Unie enige fondse wat so geplaas is, ter bevrediging voorkeur moet geniet bo die skulde en aanspreeklikhede van die Unie.

9.8 Affiliasie by die Unie sal onderhewig wees aan die tevredenheid van die Raad dat daar volledig aan die doelstellings van die Raad voldoen word.

10. AMPSDRAERS

Die ampsdraers van die Unie sal wees die president en twee visepresidente wat die ampte van tyd tot tyd sal beklee. Een van die drie sal afkomstig wees uit die voorheen benadeelde groep.

Alle ampsdraers moet die Gedragskode, wat van tyd tot tyd voorgeskryf word, nakom en sal voldoen aan die standaarde soos bepaal deur Wet 71 van

2008 (Maatskappywet), wat geteken sal word by die aanvaarding van die kode.

11. KONGRES

11.1 Die kongres sal die hoogste gesag van die Unie wees.

Nieteenstaande enige magte wat aan die Raad, adviserende raad (Raad), komitees en sub-komitees verleen word ingevolge hierdie Grondwet of sodanige ander of verdere magte wat in die toekoms aan hulle verleen word, sal hulle gehou en gebind wees om alle instruksies uit te voer, asook aanwysings, beperkings en reëls soos van tyd tot tyd uitgereik mag word of deur die kongres neergelê word.

11.2 Hou van die kongres

11.2.1 Die president of die beampte wat as sodanig optree, sal die kongres byeenroep wat gehou sal word by 'n sentrum soos deur die Raad besluit.

11.2.2 Die jaarkongres sal binne vier maande ná die finansiële jaareinde van die Unie belê word en elke geaffilieerde liggaam moet ten minste 90 dae kennis gegee word van die datum en plek van die kongres. Die agenda vir die kongres sal minstens 30 dae voor die datum van die kongres deur die hoof uitvoerende beampte aan elke afgevaardigde en aan elke geaffilieerde liggaam gestuur word. Kennisgewing sal skriftelik geskied deur gebruik te maak van elektroniese of gewone pos en sal geag word op die datum van publikasie te verstrek.

11.2.3 Die president, of in sy afwesigheid, een van die visepresidente, sal by alle kongresvergaderings as voorsitter optree; maar indien al drie afwesig is, sal die kongres uit die aanwesige lede van die Raad, 'n voorsitter aanwys wat as sodanig sal optree tydens die verrigtinge waartydens hy aangewys is, met dien verstande altyd dat hy die voorsitterstoel sal verlaat indien die president of die visepresidente beskikbaar is voor die afsluiting van sodanige verrigtinge.

11.2.4 Die kworum vir die kongres sal die getal wees naaste aan maar meer as een-sesde van die totale getal afgevaardigdes waarop die bestaande geaffilieerde liggame ten tyde van die uitroep van die vergadering geregtig is.

11.2.5 Alle afgevaardigdes wat 'n kongres bywoon, sal voor die opening van die verrigtinge, hulle geloofsbriewe indien, soos van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf.

Die hoof uitvoerende beampte van die Unie, sal nadat die geloofsbriewe van die afgevaardigdes nagegaan is, die voorsitter in kennis stel of aan die voorwaardes vir 'n kworum voldoen is. Indien dit nie die geval is nie, sal die opening vir 'n uur uitgestel word, maar indien daar aan die einde van daardie uur steeds nie aan die voorwaardes vir 'n kworum voldoen is nie, sal die aanwesige afgevaardigdes 'n kworum vorm, met dien verstande dat gemelde kongres dan nie besluite mag neem ten opsigte van grondwetlike veranderings of ontbinding nie, maar dit mag besluite neem oor enige ander sake op die agenda.

11.2.6 Behalwe waar anders vermeld, sal oor alle mosies by die kongres deur 'n tweederde meerderheidstem van diegene aanwesig en geregtig om te stem besluit word. Stemming sal geskied deur die opsteek van hande, maar enige 20 stemgeregtigde afgevaardigdes aanwesig, mag, voordat oor die mosie deur die opsteek van hande tot stemming oorgegaan word, vereis dat 'n stemming deur middel van stembriewe gehou word, in welke geval 'n geheime stemming gehou sal word. Indien stemming deur middel van stembriewe vereis word, sal dit geskied volgens aanwysings van die voorsitter. In geval van 'n gelyke stemming, hetsy deur die opsteek van hande of deur middel van geheime stembriewe, sal die voorsitter geregtig wees op 'n beslissende stem, bo en behalwe enige stem waarop hy as afgevaardigde geregtig is en wat hy kan uitoefen.

11.2.7 Die Raad sal oor die mag beskik om besoekers uit te nooi om enige vergadering van die Raad en die kongres by te woon. Sodanige besoekers sal oor geen stemreg beskik nie en sal slegs op uitnodiging van die voorsitter spreekbeurte kry.

11.2.8 Geen geaffilieerde liggaam wie se ledegeld agterstallig is, of wat in gebreke gebly het om enige ander skuld aan die Unie te betaal ten tyde van die datum van die kongres, sal geregtig wees tot verteenwoordiging by die kongres nie en enige mosie wat slegs deur die liggaam ingedien word, sal nie deur die kongres bespreek word nie.

11.2.9 Die Raad sal toesien dat alle besluite wat deur die kongres aanvaar word, presies en juis aangeteken word en sal besluit watter optrede in ooreenstemming met elke besluit geneem sal word.

Antwoorde op besluite wat ontvang word, sal aan die betrokke geaffilieerde liggame oorgedra word.

11.3 Verteenwoordiging by die kongres

Die kongres van die Unie sal 'n vergadering wees van afgevaardigdes van die filiale van die Unie en die Raad. Geaffilieerde liggame sal soos volg geregtig wees op verteenwoordiging deur afgevaardigdes by die kongres-

11.3.1 **Plaaslike verenigings**

Elke plaaslike vereniging sal daarop geregtig wees om een afgevaardigde na die kongres te nomineer.

11.3.2 **Geaffilieerde organisasies**

'n Maksimum van 2 lede per geaffilieerde organisasie.

11.4 **Afgevaardigdes na die kongres**

Die name en adresse van alle afgevaardigdes (wat plaasvervangers mag insluit) sal deur elke geaffilieerde liggaam aan die hoof uitvoerende beampte van die Unie voorgelê word ten minste 30 dae voor die datum gestel vir die aanvang van die kongres, met dien verstande egter dat die laat indiening van die naam en adres van 'n afgevaardigde deur 'n geaffilieerde liggaam ná sodanige datum (maar in geen geval meer as 14 dae voor sodanige datum nie) om spesiale redes toegelaat mag word deur die president, of in sy afwesigheid deur een van die visepresidente.

11.5 **Resolusies aan die kongres**

11.5.1 Voorgestelde resolusies vir die kongres kan deur enige geaffilieerde liggaam voorgelê word aan die Raad, raadsvergadering of enige van sy komitees of sub-komitees en moet die hoof uitvoerende beampte van die Unie nie later nie as 6 weke voor die datum van die kongres bereik.

11.5.2 Die Raad sal oorweging skenk aan alle voorgestelde resolusies en sal die reg hê om te bepaal of, en in watter vorm, dit op die gepubliseerde agenda sal verskyn en hulle mag die liggaam wat die voorgestelde resolusie ingedien het, versoek om die resolusie te verduidelik of dit duidelik uiteen te sit. 'n Voorgestelde resolusie wat nie op die agenda geplaas word nie, sal deur die Raad as afgehandel beskou word.

11.5.3 Indien 'n geaffilieerde liggaam ná die gevolglike publikasie van die agenda van die kongres, graag 'n resolusie wil skuif wat nog nie tevore aan die Raad voorgelê is nie en wat nie onder enige resolusie wat op die agenda verskyn voorkom nie, moet die resolusie skriftelik deur middel van die hoof uitvoerende beampte van die Unie, aan die president voorgelê word, of in sy afwesigheid aan die visepresidente, ten minste 48 uur voor die tyd daargestel vir die opening van die kongres en die president of die visepresidente sal hulle diskresie gebruik om te bepaal of die resolusie belangrik genoeg is om tydens die kongres ingedien te word en hierdie besluit sal finaal wees.

12. HOU VAN SPESIALE KONGRES

12.1 'n Spesiale kongres kan byeengeroep word deur die president, of in sy afwesigheid deur die visepresidente, deur nie minder nie as 21 dae skriftelike kennisgewing van sodanige spesiale kongres te gee. Die kennisgewing sal versprei word op die dieselfde wyse as die kennisgewing vir 'n gewone kongres.

12.2 'n Spesiale kongres sal byeengeroep word deur die president, of in sy afwesigheid deur die visepresidente, by ontvangs van 'n versoek wat onderteken is deur ten minste een-vyfde van die liggame wat aan die Unie geaffilieer is en waarin die rede vir die hou van so 'n kongres duidelik uiteengesit word asook die sake wat daartydens bespreek sal word. Nie minder nie as 21 dae skriftelike kennisgewing van sodanige spesiale kongres moet gegee en versprei word soos in die geval van 'n gewone kongres.

12.3 Indien die president of visepresidente, binne 21 dae na aflewering van die versoek, weier of nalaat om 'n spesiale kongres byeen te roep indien dit behoorlik versoek is, dan kan die persone wat die versoek gerig het, deur middel van die hoof uitvoerende beampte van die Unie, self 'n vergadering byeenroep deur 21 dae kennis te gee daarvan wat versprei word soos vir 'n gewone kongres en waarin die tyd, plek en sake wat by sodanige spesiale kongres bespreek sal word, aangedui word.

12.4 Geen ander sake sal by 'n spesiale kongres bespreek word as dit wat op die kennisgewings van sodanige spesiale kongres aangedui word nie.

12.5 Vir 'n spesiale kongres, moet die afgevaardigdes wat 'n geaffilieerde liggaam verteenwoordig, dieselfde wees as diegene wie se name aan die hoof uitvoerende beampte voorgelê is ingevolge die bepalings van paragraaf 11.4 hierin vir die dan laaste voorafgaande kongres maar met uitsluiting van die bepaling wat verband hou met 'n laat indiening, met dien verstande egter dat 'n geaffilieerde liggaam daarop geregtig moet wees om die name van die afgevaardigdes te verander deur ten minste 7 dae voor die datum van sodanige spesiale kongres kennis te gee aan die hoof uitvoerende beampte.

13. RAAD VAN DIREKTEURE (Raad)

13.1 Die besigheid van die Unie ná die afsluiting van een kongres tot die afsluiting van die volgende kongres, sal uitgevoer word deur 'n Raad wat tydens die kongres verkies sal word soos hierin hierná vermeld.

13.2 Die president, of in sy afwesigheid, een van die visepresidente, sal by alle vergaderings van die Raad as voorsitter optree en by die afwesigheid van sowel die president as die visepresidente, sal die Raad uit diegene wat teenwoordig is, 'n persoon aanwys wat as voorsitter sal optree vir die duur van die vergadering waar

hy aangestel is, met dien verstande altyd dat hy die voorsitterstoel sal verlaat wanneer die president of visepresidente beskikbaar is voor die afsluiting van die vergadering.

13.3 Samestelling van die Raad van direkteure

13.3.1 Die Raad sal bestaan uit nie meer as 7 lede wat behoorlik deur die Raadsvergadering verkies is nie. Twee van bogenoemde sal afkomstig wees uit die voorheen benadeelde groep. Die president en twee visepresidente sal verkies word ingevolge 14.1 hieronder.

13.3.2 Kwanalu se uitvoerende hoof mag nie as voorsitter van die Raad optree nie.

13.3.3 Die Raad sal die reg hê om addisionele verteenwoordigers te koöpteer, (nie meer as 3 nie), wat kundigheid of vaardighede het wat tot die Unie se voordeel mag strek. Die dienste van enige gekoöpteerde persoon sal net strek tot die kongres wat op die koöptering volg. Sodanige persoon kan weer gekoöpteer word.

13.3.4 Die Raad moet die Gedragskode voorskryf en nakom en voldoen aan die standaarde soos neergelê deur Wet 71 van 2008 (Maatskappywet) wat ter aanvaarding van die kode onderteken sal word.

13.4 **Verteenwoordiging in die Raad van direkteure**

13.4.1 Enige tydelike vakature op die Raad wat in die sittingsjaar voorkom, sal gevul word deur die nominasie van 'n lid van die Raad wat die amp sal beklee tot aan die einde van die volgende kongres.

13.4.2 Die Raad kan die setel verbeurd verklaar van enige van sy lede, raadslede of lede van sy komitees wat by enige 2 opeenvolgende vergaderings afwesig is sonder voldoende verduideliking of wat deur 'n twee-derde meerderheid van die Raad versoek word om uit die Raad te bedank.

13.4.3 'n Lid van die Raad of enige ander komitee mag te enige tyd bedank per skriftelike kennisgewing wat aan die hoof uitvoerende beampte gerig word.

13.4.4 Tydens sy ampstermyn sal elke lid van die Raad by elke kongres die regte en voorregte kan geniet wat aan 'n afgevaardigde toegewys word.

13.4.5 Die hoof uitvoerende beampte sal die name van die Raad aan die kongresvergadering meedeel.

13.4.6 Die ampstermyn van ampsdraers en raadslede sal 'n aanvang neem vanaf die sluiting van die kongres.

14. VERKIESING VAN AMPSDRAERS

14.1 Die ampsdraers van die Unie sal wees die president en twee visepresidente wat die amp van tyd tot tyd sal beklee soos deur die Raad verkies. Een van hulle sal afkomstig wees uit die voorheen benadeelde groep.

14.2 Indien enige ampsdraer verkies word uit die distriksverteenwoordigers wat aanwesig is, sal sodanige ampsdraer onmiddellik nadat hy verkies is, nie meer as verteenwoordiger van sy distrik kan optree as 'n gewone raadslid nie. Die vakature wat op hierdie wyse ontstaan, sal geag word as 'n tydelike vakature wat deur die Raad gevul moet word soos hierin hierná vermeld.

14.3 Daarna sal die president in die Raad, raadsvergadering en ander vergaderings slegs 'n beslissende stem hê.

15. MAGTE EN FUNKSIES VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

15.1 Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet en die reëls van die Unie (in besonder artikel 19.10) en enige wysiging daaraan, sal alle sake en besigheid van die Unie onder beheer van die Raad geplaas word en behalwe waar spesifiek anders in die Grondwet vermeld word, sal van tyd tot tyd bepaal word deur wie dokumente deur of namens die Unie geteken moet word.

15.2 Die Raad sal ten minste vier keer in elke kalenderjaar vergader op instruksie van die president of enige persoon wat wettiglik in sy plek waarneem wat ook te enige tyd 'n spesiale vergadering van die Raad kan belê. Noodvergaderings kan op kort kennisgewing belê word, maar kennis oor enige ander vergadering sal deur die hoof uitvoerende beampte aan raadslede gegee word ten minste 21 dae voor die datum wat vir die vergadering vasgestel is.

15.3 Die Raad sal die mag hê om na goeddunke van sy lede en raadslede in komitees en sub-komitees aan te stel om behulpsaam te wees om enige van die doelstellings van die Unie te bereik en mag op sodanige raadsvergaderings, komitees of sub-komitees persone wat nie lede is nie verkies vir sodanige tydperke en op sodanige voorwaardes as wat die Raad dit goeddink.

15.3.1 Die raadsvergadering, komitees of sub-komitees wat op hierdie wyse aangestel word, sal slegs oor die mag beskik soos spesifiek deur die Raad gedelegeer en sal sy werksaamhede voortsit soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Die Raad sal die reg voorbehou om enige besluite wat deur die raadsvergadering of sodanige komitees of sub-komitees geneem word, in hersiening te neem.

15.3.2 In afwagting van die aanstelling van enige komitee of sub-komitee deur die Raad na afloop van 'n gewone kongres, sal die persone waaruit sodanige komitee of sub-komitee bestaan, voor die dan voorafgaande kongres (in geval van nood)

geag word as sittend in die amp as lede van die komitee of sub-komitee (wat ook al die geval mag wees).

15.4 Die president en visepresidente sal daarop geregtig wees om enige raadsvergadering en enige komitee of sub-komitee van die Unie by te woon en daaraan deel te neem.

15.5 Die Raad sal 'n verslag voorlê aan die kongres wat volg op die een waar dit verkies is welke verslag 'n opsomming van die werksaamhede van die Unie gedurende die vorige termyn sal bevat en sal aan alle geaffilieerde liggame en aan alle afgevaardigdes na die kongres versprei word.

16. ADVISERENDE RAAD (Raad)

16.1 Die adviserende raad sal bestaan uit die president en twee visepresidente wat verkies is ingevolge 14.1 en die Raad ingevolge 13.3.

16.2 Twee verteenwoordigers, een uit die groter en een uit die voorheen benadeelde kategorieë, uit elk van die distriksmunisipaliteite waarna by name verwys sal word.

16.3 Enige bykomende verteenwoordigers (nie meer as 3 stemgeregtigde lede nie) wat deur die Raad gekoöpteer word.

16.4 'n Verteenwoordiger wat deur die Federation of Women's Institutes genomineer is;

16.5 Maksimum van tien verteenwoordigers vir al die ander geaffilieerde organisasies onderhewig daaraan dat sodanige organisasies voldoen aan die reëls soos van tyd tot tyd neergelê deur die Raad.

17. MAGTE EN FUNKSIES VAN DIE ADVISERENDE RAAD

17.1 Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet en die reëls van die Unie en enige wysiging daaraan, sal die Raad gemagtig wees om strategiese riglyne, bedryfsbepaalde kennis, landboukundige kundigheid en inligting aangaande die oogmerke en doelstellings van die Unie te hanteer.

17.2 Die Raad sal ten minste twee keer in elke kalenderjaar vergader op instruksies van die president of enige persoon wat wettiglik in sy plek waarneem wat ook te enige tyd 'n spesiale vergadering van die Raad kan belê. Noodvergaderings kan op kort kennisgewing belê word, maar kennis van enige ander vergadering sal deur die hoof uitvoerende beampte aan lede van die Raad gegee word ten minste 21 dae voor die datum wat vir die vergadering vasgestel is.

17.3 Die Raad moet die Gedragskode nakom soos van tyd tot tyd voorgeskryf en moet voldoen aan die standaarde soos neergelê deur Wet 71 van 2008 (Maatskappywet) wat ter aanvaarding van die kode onderteken sal word.

18. AFGEBAKENDE DISTRIKTE

18.1 Distrikte sal bestaan uit lede van verenigings wat boere met groot ondernemings en voorheen benadeelde boere insluit.

18.2 Die distrik sal bestaan uit verteenwoordigers uit elk van die groot en voorheen benadeelde kategorieë van verenigings soos vermeld in 18.1 hierbo, twee van wie verwag sal word om op die Raad van die Unie te dien, soos vermeld in 16.2 hierbo.

18.3 Distrikte sal ten minste 3 maande voor die datum van die kongres van die Unie gehou word om verteenwoordigers vir die Raad te kies.

19. LEDEGELD EN AFFILIASIEGELD

19.1 Ledegeld wat deur 'n plaaslike vereniging aan die Unie betaalbaar is, sal jaarliks deur die Raad bepaal word. Sodanige ledegeld, soos deur die Raad bepaal, betaalbaar deur alle stemgeregtigde lede van verenigings, sal aan die hoof uitvoerende beampte gestuur word, tesame met 'n volledige lys van die vereniging se stemgeregtigde lede.

19.2 Geen ledegeld is betaalbaar deur enige ere-lid van die Unie nie.

19.3 Waar 'n lid sy regte deur een of meer vereniging uitoefen soos waarvoor in die Grondwet voorsiening gemaak word, sal ledegeld vir slegs een vereniging deur hom betaalbaar wees, welke ledegeldbedrag gelykstaande sal wees aan die hoogste ledegeldbedrag van die onderskeie verenigings waaraan hy behoort en waardeur hy sy lidmaatskap beoefen, met dien verstande dat indien betaling deur meer as een sodanige vereniging gemaak word, die oorbetaling nie van die Unie verhaal kan word na die verstryking van een finansiële jaar wat volg op die jaar waaraan die ledegeld toegewys is nie.

19.4 Affiliasiegeld van filiale anders as plaaslike verenigings sal in elke geval deur die Raad bepaal word en die Raad het steeds die reg om sodanige gelde van tyd tot tyd te hersien.

19.5 Liggame wat gedurende 'n finansiële jaar tot affiliasie toegelaat word, maar wie se lidmaatskapgelde ná verstryking van die eerste kwartaal van die jaar na goeddunke van die Raad verminder word.

19.6 'n Geaffilieerde liggaam wat besluit om te bedank moet die hoof uitvoerende beampte van die Unie dienooreenkomstig in kennis stel en sal aanspreeklik wees vir ledegeld of affiliasiegeld wat tot aan die einde van die finansiële jaar waarin kennis gegee word, verskuldig is.

19.7 Nieteenstaande die bepalings soos vervat in 19.3 hierbo, kan die Raad met die oog op die versekering dat lede se regte nie misbruik word nie, enige lid se lidmaatskapfooi hersien.

20. FINANSIES

20.1 Om sy doelstellings en funksies of enige daarvan te bereik, kan die Unie enige sodanige fondse gebruik wat bekom word uit lidmaatskapgeld, toelaes, donasies, rente op beleggings en watter ander bronne ook al en ook uit welke ander fondse wat van tyd tot tyd tot hulle beskikking is (hetsy vir 'n beperkte tydsduur of andersins).

20.2 Die Raad sal aan die kongres 'n beraming van inkomste en uitgawe vir die betrokke finansiële jare voorlê en aanbevelings aan die kongres maak oor die wyse waarop dit van voorneme is om sodanige uitgawes uit affiliasiegeld en ander inkomstebronne, indien enige, te delg.

Afskrifte van sodanige jaarlikse beramings en die relatiewe aanbevelings sal aan alle geaffilieerde liggame en aan alle afgevaardigdes na die kongres versprei word.

20.3 Die Raad moet juiste rekords byhou van die gelde wat deur die Unie ontvang en bestee word, van die wyse waarop sodanige ontvangste en uitgawes plaasvind en van die bates en laste van die Unie. Sodanige rekords moet behoorlik deur een of meer ouditeure geouditeer word.

20.4 Nadat die Unie se finansiële jaar ten einde geloop het, moet 'n verslag van inkomste en uitgawe wat gedurende die jaar voorgekom het en 'n balansstaat soos aan die einde van daardie jaar, voorberei en geouditeer word en aan alle filiale gestuur word, tesame met afskrifte van die ouditeur se verslag en afskrifte van die Raad se verslag. Die balansstaat en verslag sal namens die Raad deur die hoof uitvoerende beampte en die president onderteken word, of soos deur die Raad gemagtig is.

20.5 Die Unie se geld sal in die naam van die Unie gebank word by sodanige bank as deur die Raad besluit word en die rekening sal bedryf word met die handtekening van die president of visepresidente en mede-onderteken deur die hoof uitvoerende beampte, met dien verstande egter, dat in 'n noodgeval, tydelike ondertekenaars deur die Raad aangestel kan word.

20.6 'n Ouditeur wat 'n behoorlik gekwalifiseerde rekenmeester moet wees en wat nie 'n lid van 'n filiaal van die Unie is nie, sal in die Raad aangestel word.

20.7 Die finansiële jaar van die Unie sal strek vanaf die eerste dag van Julie tot die volgende daaropvolgende 30ste dag van Junie, albei dae inklusief en alle ledegeld en affiliasiegeld met betrekking tot enige enkele finansiële jaar, sal betaalbaar wees aan die begin van sodanige jaar en sal betaalbaar wees nie later nie as die 30ste dag van September van daardie jaar.

20.8 Die Raad sal alle uitgawes wat aangegaan word ten opsigte van die hoofkantoor van die Unie en alle ander items wat met die onvoorsiene onderhoud van die Unie verband hou, beheer en vergoed.

20.9 Die Raad sal reis- en verblyftoelaes vir die president, visepresidente, distrikslede van die Raad en raadslede voorsien wanneer hulle besig is met Unie-sake teen sodanige tariewe en op sodanige voorwaardes as wat die Raad van tyd tot tyd sal besluit.

20.10 In sy uitvoering van die sake van die Unie, sal die Raad verplig wees om toe te sien dat die uitgawes in enige finansiële jaar nie die gekombineerde inkomste en hulpbronne oorskry sonder toestemming van 'n spesiale kongres nie.

20.11 Die Raad mag enige trust wat daargestel is om die doelstellings van die Unie te volvoer, skep, erf, bestuur of op enige ander wyse hanteer.

21. HOU VAN VERGADERINGS

21.1 Die president, of in sy afwesigheid, een van die visepresidente of enige ander persoon wat deur die Raad aangewys word, sal by alle vergaderings wat onder beskerming van die Unie gehou word, as voorsitter optree.

21.2 Vir 'n vergadering van die Raad of enige komitee of sub-komitee, sal die kworum die getal naaste aan maar groter as helfte van die aantal lede in die betrokke liggaam wees.

21.3 Na goeddunke van die voorsitter, sal enige mosie wat tydens 'n vergadering ingedien word, skriftelik ingedien word en dit moet deur die voorsteller, sowel as die sekondant onderteken word.

21.4 'n Verklaring deur die voorsitter van enige vergadering van die stemuitslag oor enige mosie sal finaal wees en die mosie sal aangeteken word as gedra of verlore, wat ook al die geval mag wees.

21.5 'n Vergadering mag uit die afgevaardigdes wat teenwoordig is, komitees met spesiale opdragte aanstel en sodanige komitee mag, met toestemming van die voorsitter van die vergadering, onttrek, beraadslaag en aan die vergadering

terugrapporteer.

22. PLIGTE VAN GEAFFILIEERDE LIGGAME

22.1 Alle geaffilieerde liggame sal aan die Raad verslag doen oor enige onderwerp wat dringende bespreking moet geniet ten opsigte van die doelstellings van die Unie, waar hulle eie bepaalde gebiede betrokke is en veral indien die saak na alle waarskynlikheid ander gebiede binne die Unie se gebied gaan raak. Indien 'n lid van 'n geaffilieerde liggaam die Unie wil nader, moet dit deur middel van die liggaam geskied.

22.2 Die Raad sal nie verplig wees om die Unie se steun aan enige filiaal te bied oor enige saak waaroor die betrokke filiaal die regering, of enige ander wetlik ingestelde owerheid direk benader het nie, ongeag of die Raad 'n afskrif van die voorleggings wat so gedoen is, ontvang het al dan nie.

22.3 Oor enige onderwerp of saak van algemene belang moet 'n geaffilieerde liggaam wat die steun van die Unie wil geniet, die regering slegs deur middel van die Raad van die Unie benader.

22.4 Wanneer die president van die Raad versoek dat enige aangeleentheid of onderwerp aangaande sy eie gebied ondersoek moet word en inligting bekom moet word en / of enige belangrike statistieke oor sodanige aangeleentheid of onderwerp bekom moet word, moet 'n geaffilieerde liggaam die nodige ondersoeke doen en so gou moontlik 'n volledige verslag voorlê.

22.5 Wanneer die president of die Raad versoek dat 'n vergadering byeengeroep en gehou word vir enige bepaalde doel wat van belang is vir enige gedeelte van die boerderygemeenskap, moet 'n geaffilieerde liggaam binne 21 dae nadat die versoek ontvang is, 'n vergadering reël en so spoedig moontlik 'n verslag van die verrigtinge aan die Raad stuur.

22.6 Aan die begin van elke finansiële jaar moet 'n geaffilieerde liggaam die hoof uitvoerende beampte van die Unie in kennis stel van die name en adresse van sy president / voorsitter en sekretaris. Enige verandering in die amp van president / voorsitter of sekretaris van 'n geaffilieerde liggaam moet onverwyld aan die hoof uitvoerende beampte van die Unie oorgedra word, vergesel van die naam en adres van die nuwe ampsdraer.

22.7 'n Geaffilieerde liggaam sal verplig wees om alle instruksies uit te voer wat per omsendskrywe of brief of andersins by magte van die president of die Raad uitgereik is en om sodanige inligting op die korrekte wyse oor te dra.

22.8 Alle geaffilieerde liggame moet aan die Gedragskode voldoen.

23. EIENDOM

23.1 Enige onroerende en ander eiendom wat deur die Unie bekom is, sal in die Unie gevestig bly. Sodanige eiendom sal van tyd tot tyd deur middel van 'n resolusie van die Raad hanteer word.

23.2 Die Raad het volmag om sy gesag te delegeer aan 'n sub-komitee van sy lede wat die reg sal hê om al sodanige funksies uit te voer wat aan hom gedelegeer is ten opsigte van eiendom wat aan die Unie behoort.

23.3 Die regte wat hierin voorheen uiteengesit is, sal die reg insluit om alle eiendom van die Unie te koop, verkoop, verpand of te beswaar of dit andersins te hanteer.

24. POLITIES

Die Unie sal glad nie by partypolitiek betrokke raak nie.

25. DISPUTE

Alle aangeleenthede waaroor dispute bestaan, of klagtes wat verband hou met die administrering van die Unie se sake, moet skriftelik aan die hoof uitvoerende beampte gerig word. Die besluite van die Raad sal dus finaal wees, tensy die Raad dit wenslik ag om die saak aan die kongres voor te lê, in welke geval die besluit van die kongres finaal sal wees.

26. ONTBINDING

26.1 Die Unie mag slegs gelikwideer word en ontbind word deur 'n spesiale resolusie wat deur nie minder nie as driekwart van die teenwoordige afgevaardigdes aanvaar word wat geregtig is om te stem by 'n spesiale kongres wat vir daardie doel belê is, waarvan ten minste 60 dae vooraf kennis gegee is.

26.2 In die geval waar 'n besluit geneem is om te likwideer, moet die spesiale kongres likwidateurs aanstel en moet die wyse waarop sodanige likwidasie uitgevoer moet word gespesifiseer word en die Unie se bates, indien enige, wat oorbly nadat die skulde en laste hanteer is, gegee of oorgedra sal word aan 'n ander maatskappy, genootskap, vereniging of organisasie met dieselfde doelwitte as dié van die Unie.

27. WYSIGINGS AAN GRONDWET

Wysigings aan die Grondwet sal slegs in werking gestel word deur 'n resolusie by 'n gewone of spesiale kongres en met dien verstande dat kennis van sodanige mosie aan die hoof uitvoerende beampte gegee word ten minste sestig dae voor sodanige kongres en sodanige resolusie op die agenda geplaas word. Tensy die betrokke resolusie nie aanvaar word nie, sal sodanige wysigings in werking gestel

word op en vanaf die afsluiting van die verrigtinge by die kongres waar sodanige wysigings aanvaar is.

28. TOEKENNINGS

Toekennings word gemaak in ooreenstemming met die volgende prosedure deur die Raad wat graag op gepaste wyse erkenning wil verleen aan persone wat uitsonderlike diens aan die organisasie en / of die landbou gelewer het.

28.1 **Lewenslange ere-president**

Die Raad kan 'n uittredende of voormalige president van die Unie as 'n lewenslange ere-president verkies.

Kennis van die kongres sal aan elke lewenslange ere-president gestuur word en hy sal die voorreg hê om sake vir bespreking aan die kongres voor te lê op dieselfde voorwaardes as van toepassing op geaffilieerde liggame.

'n Lewenslange ere-president sal alle voorregte aangaande spreekbeurte geniet wat aan 'n afgevaardigde toegeken word maar sal nie stemreg in die verkiesing van die Raad hê nie.

28.2 **Lewenslange ere-visepresident**

Die Raad kan as lewenslange ere-visepresident enige persoon verkies wat verdienstelike werk vir die Unie gelewer het.

Kennis van die kongres sal aan elke lewenslange ere-visepresident gestuur word en hy sal die voorreg hê om sake vir bespreking aan die kongres voor te lê op dieselfde voorwaardes as van toepassing op geaffilieerde liggame.

'n Lewenslange ere-visepresident sal alle voorregte aangaande spreekbeurte geniet wat aan 'n afgevaardigde toegeken word maar sal nie stemreg hê in die verkiesing van die Raad nie.

28.3 **Lewenslange ere-lid**

Die Raad van die Unie mag as lewenslange ere-lid van die Unie enige persoon kies wat 'n buitengewone en verdienstelike bydrae tot georganiseerde landbou in die gebied van die Unie gelewer het. 'n Lewenslange ere-lid sal geregtig wees om al die voorregte van die Unie te geniet wat aan ander lede van 'n filiaal toegeken word, maar sal nie op grond van sy verkiesing as lewenslange ere-lid enige voorregte met betrekking tot spreekbeurte of stemreg by die kongres geniet nie, behalwe as hy behoorlik as afgevaardigde genomineer is.

28.4 Merietesertifikaat

Die Raad kan 'n merietesertifikaat uitreik aan 'n persoon wat uitsonderlike diens aan georganiseerde landbou gelewer het.

29. INTERPRETASIE

In hierdie Grondwet, tensy die konteks anders aandui:

29.1 sal die woord "boer" gedefinieer word as 'n produsent van boerderyprodukte vir sy eie gesin en vir die verkoop van oortollige produkte;

29.2 die woord "lid" sal gedefinieer word as 'n persoon wat sy Kwanalu-ledegeld teen die einde van die finansiële jaar opbetaal het;

29.3 woorde wat in die manlike gender gebruik word, sluit vroulike en neutrale gender in;

29.4 woorde wat enkelvoudig gebruik word, sluit meervoudige woorde in en andersom;

29.5 "die agenda" sal verwys na die agenda vir die kongres;

29.6 'n lid wat 'n vennootskap, maatskappy of ander beheerliggaam verteenwoordig, sal by enige vergadering van die Unie en by of voor enige komiteevergadering verteenwoordig word deur 'n genomineerde wat 'n lid van die vennootskap of 'n amptenaar van die maatskappy of van die beheerliggaam (wat die geval ook al mag wees), is, sal geregtig wees om stemreg uit te oefen namens die prinsipaal en sal in aanmerking kan kom vir verkiesing as afgevaardigde na die kongres en verkiesing tot die Raad en enige komitee van die Unie.

29.7 die Engelse weergawe van hierdie Grondwet sal as die amptelike dokument geag word.

29.8 die woord "afgebakende distrik" sal gedefinieer word as die distriksmunisipaliteitsgrense soos uiteengesit deur die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA).

29.9 die woorde "boereverenigings, landbougenootskappe en grondeienaars-verenigings" sal alle groepe insluit.

29.10 die woorde "voorheen benadeelde boer" sal verwys na 'n persoon wat onsekere regte geniet het as gevolg van wetgewing of praktyke in die verlede waardeur op grond van ras, geslag, geloof of enige ander saak gediskrimineer is.